Ek is... Poortbode

10 Mei 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

Teks: Joh 21:6 -14 Tema: God vul ons grendeltyd. Ds. Johan de Wet

1.DANVILLE: Ons gemeente dra maandeliks R18 000 aan die Danville-projek oor. Elke gekeurde gesin gaan doen dan onder toesig met die lysie, hulle eie aankope. Indien u wil bydra, kan 'n EFT na die bankbesonderhede op bl. 2 gedoen word.

2.GEBEDSVERSOEKE:

* Ons dra al ons lidmate wat siek, gehospitaliseer is of van enige tipe behandeling tuis herstel, aan die Here op. Mag hul elke dag op 'n kosbare wyse van Sy teenwoordigheid bewus wees en mag Sy genade hulle oorspoel.

* Ons bid ook vir ons land en ons medeburgers wat tans elkeen op baie verskillende maniere deur Covid-19 geraak word. Ons bid dat God se wil sal geskied en dat Sy koninkryk hier op aarde gevestig sal word.

3. VERJAARSDAE: Baie geluk aan elkeen wat 10-17 Mei verjaar. Ons bid jou God se rykste seën toe.

5. **NUWE INTREKKERS:** Indien u dalk in hierdie tyd of net voor die grendeltyd verhuis het, maar nog nie as lidmate kon aanmeld nie, kan u gerus op ons webwerf kyk en die lidmaatbesonderhedevorm aflaai, invul en stuur na: **kantoor@hartiesng.org -** sodoende sal ons u ook op 'n whatsapp-groep kan plaas, sodat u die eredienste- en "huisbesoek"-video's, asook die Poortbode in die isolasietydperk kan ontvang. U attestate kan ook solank aangevra word.
6. **KOMMUNIKASIE:** Ons herinner graag dat u al ons inligting op die volgende sosiale mediaplatforms kan kry: **"Facebook"-** Harties NG Kerk; **"Youtube"** - HartiesNGKerk **Webwerf** - www.hartiesng.org
7. **KOLLEKTE/DANKOFFERS:** Al het ons nie tans fisiese eredienste nie, het ons gemeente steeds finansiële verantwoordelikhede wat nagekom moet word. Baie dankie vir elke gesin wat steeds in hierdie moeilike tye hulle bydraes lewer. Dit word opreg waardeer.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Rekeningnommer: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die "zapper-app" op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.